2 Maart 1 Tessalonisense 1:1-10

"Die inspanning van julle liefde"

Christelike liefde is meetbaar. Dit is liefde doen. Dit bring inspanning mee, skryf Paulus in 1 Tessalonisense 1:3. Kyk net hoe meetbaar word die liefde in 1 Korintiërs 13 beskryf.

Dis egter 'n probleem as daar by gelowiges en gemeentes

- inspanning sonder liefde is
- of liefde sonder inspanning.

Ons as gelowiges kan pragtige werk in die gemeente en daar buite doen. Maar as hierdie pragtige werk nie in liefde gedoen word nie, dan is al die inspanning waardeloos. Dit baat my niks skryf Paulus in 1 Korintiërs 13. As dit met onegtheid of 'n gekla gepaard gaan, is die werk selfs gevaarlik, want dit bring 'n wrang smaak by ander (veral ook kinders) oor die werk in diens van die Here.

Soms kom die teenoorgestelde by gelowiges voor. Daar bestaan baie liefde en empatie vir by voorbeeld mense in nood, maar daar word niks aan gedoen nie. Gelowiges bely dat hulle die Here liefhet, maar hulle doen nie wat Hy van vra nie. Liefde sonder werklike inspanning is liefde wat vermors is. Wat sou die liefde van die Here vir ons beteken het as Hy nie kom doen het nie. Sy kruisdood was 'n liefdesdaad. Dit is so belangrik dat ons liefde, soos in die geval van die gelowiges van Tessalonika, sigbaar word in die moeite wat ons in die praktyk doen. Die Here sê self dat as gelowiges ons uitgeken kan word op grond van ons liefde vir mekaar. Kom ons doen wat die Here op ons harte lê - elke dag - tot sy eer!

Dr. H.G. Stoker (Rietvallei)